# Versnelde Sukses: Opposisie

**Ps. Louis Du Piesanie 05/08/ 2018**

**1. DIE TAKTIEKE VAN DIE OPPOSISIE**

**1.1.** Die eerste taktiek is bespotting.

**Nehemia 4:1-3 (Bybel vir Almal) "Toe Sanballat hoor dat ons die muur bou, het hy baie kwaad geword. Hy was ontsteld en hy het die Judeërs gespot. Die ander amptenare en die leër van Samaria het gehoor wat hy sê. Hy het gesê: "Wat doen die Judeërs? Hulle is swak en beteken niks. Wil hulle alles self regmaak? Wil hulle offer? Wil hulle alles op een dag klaarmaak? Wil hulle die klippe wat swart gebrand is, onder die hope grond uithaal? Hulle kan nie dit doen nie." Die Ammoniet Tobija was langs Sanballat, en hy het gesê: "As hulle dit regkry om die muur te bou, dan sal 'n jakkals dit kan omstamp as hy teen die muur spring."**

**1.2.** Die tweede taktiek is weerstand.

**Nehemia 4:6-8 (AFR83) "Ons het bly bou aan die muur. Die hele muur was al halfpad opgebou. Die mense se hart was in die werk. Sanballat, Tobija, die Arabiere, die Ammoniete en die mense van Asdod was hewig ontsteld toe hulle hoor die herstel aan Jerusalem se mure vorder en die afgebreekte gedeeltes is byna klaar opgebou. Hulle het saamgesweer om Jerusalem te kom aanval en verwarring te stig."**

**1.3.** Die derde taktiek is om gerugte te versprei.

**Nehemia 4:11-12 (ABA) "Ons vyande het vir mekaar gesê: "Ons sal tussen die Judeërs wees en ons sal hulle doodmaak voordat hulle iets sal weet of sal sien. Dan sal die werk kan ophou." Party Judeërs wat naby ons vyande gewoon het, het vir ons tien maal kom sê dat ons vyande van al die kante kom om ons aan te val."**

**2. DIE EFFEK VAN OPPOSISIE**

**Nehemia 4:10-11 (ABA) "Die mense wat die klippe moet dra, word moeg, en daar is groot hope grond wat hulle moet wegdra. Ons sal nie die muur klaar kan bou nie. Ons vyande het vir mekaar gesê: "Ons sal tussen die Judeërs wees en ons sal hulle doodmaak voordat hulle iets sal weet of sal sien. Dan sal die werk kan ophou."**

**2.1.** Die effek van opposisie is moedeloosheid.
**2.2.** Moedeloosheid slaan gewoonlik by die halfpad merk van 'n projek toe.

**Nehemia 4:6 (ABA) "Ons het aangehou om die muur te bou. Die muur was die helfte so hoog soos hy moes wees, en die mense het fluks gewerk."**

**2.3.** Vier oorsake van moedeloosheid:

- Moegheid
- Frustrasie
- Mislukking
- Vrees

**3. WAT IS DIE REGTE REAKSIE TOT OPPOSISIE?**

**3.1.** Ons moet op God vertrou.

**Nehemia 4:4-5 (ABA) "Ek het gebid en gevra: "Ons God, U moet luister hoe spot hulle ons, U moet hulle vyande vir húlle laat spot. U moet hulle gevangenes laat word in 'n ander land. U moet hulle straf, U moenie hulle sonde vergewe nie, nooit nie, want hulle het ons gespot omdat ons die muur bou."**

**3.2.** Ons moet die opposisie respekteer.

**Nehemia 4:9 (ABA) "Ons het gebid tot ons God en ons het elke dag en nag mense laat wagstaan om te kyk of ons vyande kom."**

**3.3.** Ons moet ons swak punte versterk.

**Nehemia 4:13 (ABA) "Ek het toe wagte agter die laagste dele van die muur geplaas waar daar oop gedeeltes was. Ek het ook mense by die families laat wagstaan, gewapen met swaarde, spiese en boë."**

**Nehemia 4:16-20 (ABA) "Maar van toe af kon net die helfte van my mense met die werk aangaan. Die ander het met harnasse aan waggestaan, gewapen met spiese, skilde en boë. Die offisiere het agter die mense van Juda posisie ingeneem terwyl hulle aan die muur gebou het. Die werkers wat die boumateriaal aangedra het, het hulle werk met net een hand gedoen. In die ander hand was 'n wapen. Al die bouers het gewerk met 'n swaard aan hulle sye vasgemaak. Die trompetblaser het by my gebly om alarm te maak. Ek het vir die leiers, amptenare en die res van die volk verduidelik: "Kyk, ons werk oor 'n groot gebied en ons is ver van mekaar af al langs die muur versprei. As julle die trompet hoor blaas, kom vinnig by daardie punt bymekaar. Ons God sal vir ons veg!"**

**3.4.** Ons moet mense gerus stel.

**Nehemia 4:14 (NLV) "Ek het sake dopgehou en toe die leiers, die amptenare en die res van die volk bymekaargeroep en gesê: "Moenie vir die vyand bang wees nie! Hou in gedagte dat die Here groot en vreesaanjaend is. Veg vir julle vriende, julle seuns en julle dogters, julle vroue en julle huise!"**

**3.5.** Ons moet weier om op te gee.

**Nehemia 4:15 (ABA) " Ons vyande het gehoor dat ons weet van hulle planne en dat ons weet dat God hulle planne laat misluk het. Ons het toe almal teruggegaan na die muur, elkeen het sy werk daar gaan doen."**

**Nehemia 4:21-23 (ABA) "...terwyl die helfte van ons die spiese gereed gehou het. Ons het gewerk vandat dit lig geword het in die oggend totdat die sterre in die aand uitgekom het. Ek het daardie tyd ook vir die mense gesê: "Julle moet hier in Jerusalem slaap, elke man en die man wat vir hom werk moet hier slaap, sodat julle in die nag kan wagstaan en in die dag kan werk." Niemand het sy klere uitgetrek nie, nie ek of my broers of die man wat vir my gewerk het of die manne wat waggestaan het nie. Elkeen het sy spies gereed gehou, ook wanneer hy gewas het."**

**Gesprek Gits**
**Versnelde Sukses: Opposisie**

**OPEN MET GEBED. HIERDIE IS SLEGS 'N GITS – KIES DIE PUNTE WAT JY WIL BESPREEK.**

1. Watter van die "opposisie se taktieke" het al jou sukses beïnvloed?
2. Begin jy soms in die middel van 'n projek moedeloos voel? Wat veroorsaak gewoonlik die moedeloosheid?
3. Watter reaksies lok opposisie gewoonlik by jou uit?